Kamp 25 tot 28 Februarie 2010

Oppad na die kamp van "Jy is Bekoorlik" raak ek net soos ons almal intens bewus van die swak toestand van ons paaie in die Vrystaat. Ek word bewus dat die Here vir my wil deel dat elkeen wat na die kamp toe kom ook met hul lewenspad kom tot by Amanzi. Na ek nou gaar is vir die klomp slaggate in die pad en sommer wil moed op gee is daar 'n styl bult en op die bult sou ek sien dat die oase (Brandfort) net daar is. So is dit ook in ons Geesteslewe, ons tref slaggate – party met 'n spoed, ander stop ons by, dink en ry langs dit verby en ander benader ons sommer van 'n anderkant van die pad af.

By die kamp aangekom, hoor ek van vrouens wat met hul GP's heel op 'n ander pad, by 'n ander eindpunt (tussen die mielielande – eindpunt volgens GP's) uitgekom het. Vir my is dit toe baie duidelik dat God vir my wil sê dat Hy met elkeen van ons 'n ander pad stap, party ry op die "gladde" pad, ander op die "pothole" pad en ander op 'n interessante pad (tussen die mielielande deur).

God verklaar Sy Liefde aan ons elkeen op Sy manier, Hy werk met ons elkeen op Sy manier. God baklei harder vir my en jou hart as wat jy ooit kan dink.

Een ding wat vir my baie duidelik uitgestaan het is dat God my Baie Baie nader aan Hom wil hê, dit het na elke sessie op 'n ander manier uitgekom.

Die kamp self is 'n baie persoonlike gesprek tussen jou en God. God openbaar na elke sessie ietsie baie spesiaals aan jou.

Van die aktiwiteite wat ons buite gedoen het – waarvan perdry vir my uitgestaan het – (ek het as 'n Laerskool kind laas perd gery – afgeval en nooit weer gery nie). Van die 4 perde wat beskikbaar was, was een bietjie onrustig die middag – sy naam is Schiwas. Ek en Schiwas het nie reggekom nie, later het ek op Diesel gery. Die boodskap wat ek in die veld gekry het is: Ek en Schiwas ('n drank se naam) het al voorheen in die lewe 'n ontmoeting gehad en dit was nie aangenaam nie. Die Here laat my op Diesel se rug ry, wat soms ook maar sy stampe en stote het, maar tog is dit lekker. Die Here wil my vul met Sy "Diesel" en Sy teenwoordigheid.

Sondag breek aan en dit is huis toe gaan tyd. Elkeen van ons moet weer op die pad gaan, waarvandaan ons gekom het. 'n Dame stel voor ek neem 'n ander afdraai om op die Snelweg (N1) te kom, na Bethlehem. Daar gekom en 2km verder gebeur die grusaamste ongeluk wat 'n mens moontlik kan sien. 100m voor my ry 'n VW Golf voor 'n groot trok in. Toe ek tot stilstand kom, lê die tannie op die pad in stukke langs my motor. Hierdie ware lewens verhaal het voor my afgespeel, veel erger as enige fliek. Ek kry nie uit my motor geklim nie (van skok), ek begin stadig aanry, met mens dele wat die hele pad vol lê. Van die motor is daar NIKS. So ± 2km daarvandaan vra ek die Here moes ek uitklim en "help".

Weer eens praat die Here duidelik met my – "Heilet, jy was vir jare altyd die dienende Martha dit is nou jou tyd om Maria te wees. Kom sit by my voet en LUISTER. Maak seker dat die mense wat op jou pad kom, hul Liefdesverhale ken, en dat ek om hul harte veg. Dat wanneer hul uit die lewe geruk word, na My toekom en nêrens anders heen nie, want net hulle kan die keuse maak, nie Ek nie, hulle moet self kies en jy kan hul help met hul keuse."

Baie kere kom ons by padwerke, daar waar die Here met ons werk. Dan word ons eers gestop (Stop / Ry/Go bordjie). Dit irriteer ons baie om by daardie bordjies te stop, ons ry liewer ander paaie. Gaan stop bietjie by die bordjie en laat die Here toe om in jou te werk.

Meer op 'n ligter nood - oppad Vrydag is my motor radio aan op RSG – die omroeper vertel die volgende grappie, wat eintlik 'n waarheid is.

By Gatiep se begrafnis kom staan sy vriend langs die kis - "Hei, Gatiep. Hier lê jy nou – "all dressed up and now where to go". Ek het jou ga sê jy moet kies."

Waarvoor "dress" jy op? Waarvoor maak jy gereed op jou lewenspad? Vir die Bruilof met die Lam??? Of gaan jy ook daarlê - "all dressed up and now where to go".

Liefde

Heilet Flemming